
Januarie - Februarie 2012

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 11, No. 1 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2011 *Tomorrow's World*-tydskrif



## Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

# Moet nie enigiets "aanvaar" nie

Een van die wysste mense wat ek ooit geken het, het 'n hele paar keer aan my gesê: "Leer om nie enigiets te **aanvaar** nie!" Hy het voortgegaan en daarop gewys dat 'n groot aantal algemene aannames *eenvoudig nie waar is nie*.

Baie mense maak egter alle soorte valse **aannames** wat in werklikheid nie waar is nie! Sulke aannames kan lei tot besonder ernstige oordeelsfoute – en kan ons lewens fisies, verstandelik en geestelik *ruïneer* indien ons nie versigtig is nie!

Die meeste van ons onthou dat die meerderheid mense vir honderde jare *aanvaar* het dat die wêreld **plat** is. Mense lag vandag oor hierdie verspotte aanname. Hoeveel van **vandag se** "aannames" gaan ons spoedig as nog verspotter beskou?

'n Paar dekades gelede het die mediese bedryf moeders algemeen aangeraai om **nie** hulle babas te borsvoed nie. Die dokters *het aangeneem* dat verskeie formules beter is as 'n moeder se eie borsmelk. Vandag egter, word dit in die hoogste wetenskaplike en mediese kringe duidelik verstaan dat 'n moeder se eie borsmelk "geprogrammeer" is (so sê hulle, om te verhoed dat die krediet die Skepper toekom) om die beste voeding aan haar eie baba te gee. Dit was ook algemeen in mediese kringe *aanvaar* dat manlike besnydenis "barbaars" en heeltemal onnodig is. Nogtans lees ons vandag dat **baie** dokters en mediese leiers tot die besef gekom het dat manlike besnydenis uiters voordelig vir gesondheid is in verskeie opsigte.

'n Ander algemene **aanname** is dat al die belydende Christelike kerke *werklik* "Christelik" is. Baie van hierdie kerke verkondig egter 'n aantal leerstellings en praktyke wat in *direkte teenstelling* is met dit wat u Bybel duidelik openbaar. Behoort ons te *aanvaar* dat predikante "Christelik" is wanneer hulle leerstellings en praktyke *lynreg in teenstelling* is met wat die Bybel duidelik leer?

Onthou, die Bybel vermaan ons om *enige* idee te **beproef** deur seker te maak dat dit reg is. Ons lees: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Die Christene in Beréa is gekomplimenteer want "hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag **die Skrifte ondersoek of** hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11). Let op dat hulle nie noodwendig probeer het om wat Paulus sê, *verkeerd te bewys* nie. Hulle was eerder met 'n opregte "oop gemoed" gewillig om regdeur die Bybel **te soek** of *dit* wat Paulus gesê het, in ooreenstemming was met die Skrif. Dit, my vriende, is *goeie* advies vir ons almal! Doen *u* dit?

**Dink!** Vanwaar kry *u* die leerstellings wat u glo? Waar kry u kerk *werklik* daardie

leerstellings? *Uit die Bybel*? **Is u seker?**

Dink daaraan dat die meeste "hoofstroom" predikante sê God belowe dat gelowige Christene se *beloning* die ewige lewe in die hemel sal wees. Mense aanvaar dit as vanselfsprekend. Is dit egter wat die Bybel werklik sê? Ek het vir baie jare 'n $1,000 beloning aangebied aan **enigeen** wat **uit die Bybel** aan my kon bewys dat God "hemel toe gaan" belowe as die ewige beloning van die Christen. Vir dekades het *niemand* daarin geslaag om die $1,000 op te eis nie.

**Waarom?** Omdat die Bybel herhaaldelik duidelik aandui dat die beloning van die Christen is om hier *op aarde* te heers – nie bo in die hemel nie! In die Bergpredikasie sê Jesus: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal *die aarde beërwe*" (Mattheüs 5:5). Jesus Christus sê ook duidelik: "En **niemand** het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is" (Johannes 3:13).

Het Jesus Christus geweet waarvan Hy praat? Indien ons hemel toe sou gaan sou Abraham – die "vader van die gelowiges" – verseker daar wees. So ook die profeet Dawid – die "man na God se eie hart". Wat van Elia, wie soos baie mense aanvaar, "na die hemel opgevaar het" in 'n storm. Hoe kon Jesus dus sê dat **niemand** na die hemel opgevaar het behalwe Hyself nie?

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Moet nie enigiets "aanvaar" nie**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat is die betekenis van u lewe?** 3
Waarom is u gebore? Wat sal gebeur wanneer u sterf? Min mense verstaan hoe hulle lewens in God se plan inpas – maar u kan weet!

**Die Skrif is aan die muur** 8
Wat lê voor vir Amerika en ander Westerse nasies? Geskiedenis en Bybelprofesie gee ontnugterende antwoorde!

**'n Nuwe era van streng finansiële besparing** 13
Aan die oorkant van die pad waar ek in Suidwes Engeland, woon, word sowat 40 nuwe huise gebou. Vir die grootste gedeelte van die afgelope jaar was dit 'n gewoel en 'n gewerskaf soos die werksmense hard moes swoeg om die werk klaar te kry. Nou nie meer nie.

**Is daar hoop vir Haïti?** 16
Terwyl hierdie gehawende land sukkel om te herstel, bly daar 'n paar knellende vrae oor: Waarom laat God lyding toe? Wanneer sal tragedies eindig? Daar is 'n antwoord!

**Die aarde: u erfenis!** 20
Jesus het gesê die sagmoediges sal die aarde beërwe, maar miljoene mense glo dat hulle hemel toe gaan wanneer hulle sterf. Wat sê die Bybel?

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Profesie neem gestalte aan** 24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besigheidsbestuurder**
J. Davy Crockett, III

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Rod King (Europa)

**Nuusburo**
June Olsen

**Streekskantore**

**VSA:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (061) 8 8383 6288
Faks: (061) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 2B9
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**FILIPPYNSE EILANDE:**
PO Box 492
Araneta Center 1135, Philippines
Tel: 63-2-723-0499
Faks: 63-2-414-5349

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Wat is die betekenis van u lewe?

## Deur Roderick C. Meredith

Ek was 15 jaar oud toe my vriend Jimmy Mallette, in 'n noodlottige ongeluk dood is. Terwyl hulle die kis met Jimmy se oorskot in die graf laat neersak, was my gemoed oorheers deur herinneringe oor hoe ons op die nabygeleë Missouri-heuwels gesit en oor allerhande dinge gefilosofeer het. As tieners het ons verskillende Protestantse kerke bygewoon en ons kon sekerlik verstaan dat ons nie die volledige antwoorde ontvang het *waarom* ons gebore is, waaroor die lewe alles gaan, of wat die uiteindelike doel van die mensdom is nie. Ons het dus gedurende die lang somerdae en vroeë aande in ons agterplase of teen die koppie gesit en hierdie dinge bespreek.

Ons het saam verskeie boeke en pamflette bestel, wat uitgegee is deur filosowe en godsdienstiges wat probeer het om die *betekenis van lewe* te verduidelik. Ons was redelik intelligent en welbelese en het spoedig agtergekom dat hierdie mense ook nie enige *ware* antwoorde gehad het nie.

Na Jimmy se dood het ek oor die volgende paar jaar bly nadink oor hierdie dinge. Ek het probeer uitpluis *waarom* ons gebore is, *waaroor* die lewe werklik gaan en wat die uiteindelike *doel* van ons lewens is. Ons plaaslike Protestantse predikant het aanhou preek oor "goeie" veralgemenings – om goeie burgers te wees, om goed te wees vir ander mense, moontlik selfs om hulp te stuur aan die hongerlydende Chinese (soos ons toe gedink het hulle was). Alhoewel ons predikant se "doengoed" gedagtes moontlik op 'n manier gehelp het, het hulle my **nie** tot enige besondere dade aangespoor nie, nog minder het hulle die groeiende vrae in my gemoed oor **waarom** ons werklik hier is, beantwoord. **Waarom** moet alle mense ly en sterf? **Indien** ons hemel toe sou gaan na ons dood, soos my predikant gesê het, sou ons dan slegs daar rondsit en harp speel, met **niks** om te doen nie?

"Is dit *al wat daar is*?" het ek gewonder.

'n Paar jaar later het ek een van die treffendste en betekenisvolste boeke gelees wat ek nog ooit onder oë gehad het. Dit is getiteld *Man's Search for Meaning*, deur dr. Viktor Frankl – 'n uitsonderlik intelligente en sensitiewe man wat later beskou sou word as een van die leidende psigiaters in Europa. Ek het gevind dat hierdie boek uniek is in sy benadering om by die **ware betekenis** van die lewe uit te kom. As gevolg van dr. Frankl se verskriklike ondervindings as 'n gevangene in Theresienstadt, Auschwitz en ander konsentrasiekampe, het hy sekerlik 'n besondere insig gehad **–** *op menslike vlak* **–** in die soeke na en beantwoording van die uiteindelike vraag oor die *rede waarom ons bestaan*. Hy skryf: "Indien daar enigsins 'n rede vir lewe is, dan moet daar 'n doel wees vir lyding en dood. Geen mens kan egter aan 'n ander vertel wat hierdie doel is nie. Elkeen moet vir homself uitvind en die verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat sy antwoord voorskryf" (bl. xiii).

Kyk asseblief noukeurig na die bostaande paragraaf wat oor die **doel** van die menslike lewe bespiegel. Dr. Frankl skryf: "Elkeen moet vir *homself* uitvind en die verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat sy antwoord voorskryf". In 'n menslike sin is dit sekerlik waar. Maar – en dit is 'n **groot** "maar" **– indien** daar 'n ware God is en **indien** die Heilige Skrif die openbaring van daardie God is, dan behoort ons gewillig te wees om noukeurig na daardie geïnspireerde geskrifte te kyk en uit te vind wat **God sê** die doel van die menslike lewe is! Dit is duidelik dat die meeste geleerde mense **–** doktore, wetenskaplikes, filosowe en psigoloë **– dit nie** doen nie. Moontlik sonder dat hulle dit besef, laat hulle die **enigste** werklike moontlikheid om regtig uit te vind wat die *ware doel* van ons menslike bestaan is, buite rekening. Die Een wat ons geskape het, openbaar 'n

werklike doel vir ons lewens. Ons moet dus gewillig wees om onsself voor Hom, ons Skepper, te verootmoedig en uit te vind *wat Hy aan ons sê* wat daardie ongelooflike doel is.

**God se openbaring**

Wanneer ons in ons Bybels blaai na die heel begin van God se openbaring aan ons, vind ons dat – toe Hy die mens geskape het – God gesê het: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape" (Genesis 1:26-27).

Van die heel begin af het God die mens na Sy "ewebeeld" gemaak, of na Sy gelykenis. As ons daaroor nadink, is dit duidelik uit die Bybel dat ons fisies soos God lyk **–** wie ook beskryf word om arms, bene, 'n kop en gelaatstrekke te hê. Ons is egter **ook –** *tot 'n beperkte mate* – volgens Sy gelykenis gemaak deurdat aan ons *ware verstand en skeppende verbeelding* gegee is, net soos wat God het – op 'n manier soos *geen ander skepsel gevorm* is nie, want die Bybel openbaar duidelik dat daar 'n "gees" in die mens is. Die apostel Paulus skryf: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk" (1 Korinthiërs 2:11-13).

Hierdie "geestelike essensie" wat verenig is met die menslike brein, *verhef* die mensdom dramaties ver bo die diereryk. Weereens, *geen ander* skepsel kom eens naby die vermoë van die mensdom op wetenskaplike, intellektuele en musikale gebied of enige ander soort kundigheid nie. *Geen ander skepsel* beskik naastenby oor die vermoë om ruimtetuie na die maan te stuur, wolkekrabbers soos die *Empire* Staatsgebou te bou of om allerhande soorte rekenaars uit te vind wat letterlik *biljoene* deeltjies inligting per sekonde kan stoor en kan weergee nie!

Mense is *uniek* – hulle is waarlik "na die ewebeeld van God", hulle Skepper, gemaak.

Onthou ook, in die skeppingsverhaal in die boek van Genesis, beskryf God hoe elke dier en voël "*volgens hulle* **soorte**" gemaak is (Genesis 1:21, 24, 25). Toe God gesê het: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis", het Hy aangedui dat menslike wesens *geskape sou word volgens die* **God soort**! U Bybel sê meer as een keer: "God **is** liefde" (1 Johannes 4:8,16). 'n Normale, gelukkig getroude jong paartjie wil byna altyd hul liefde en hul lewens met 'n kindjie *deel* – gebore volgens "hulle soort". Is die God van die Bybel dan so in homself gekeer en selfsugtig dat Hy nie *Sy* gedagtes, *Sy* planne, *Sy* liefde en *Sy* glorieryke heelal met andere van Sy soort sou wou deel nie? Mense bly gewoonlik in gebreke om *dit te deurdink*! Dit behoort egter duidelik te wees, **indien** ons gewillig is om waarlik te verstaan wat God op so baie maniere regdeur die Bybel aan ons sê. Hy sê tog aan ons dat ons "weer gebore" moet word.

Is om "weer gebore" te word alleenlik 'n emosionele godsdienstige ondervinding wat ons in die kerk of by 'n evangelistiese veldtog kan opwerk? **Nee!** Dit is die heel belangrikste en alles-oortreffende ondervinding wat ons onsself kan indink **–** om letterlik in die ware Huisgesin van God **in gebore** te kan word! Die apostel Paulus sê onder inspirasie aan ons: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en **mede-erfgename** van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat *die* **lyding** *van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die* ***heerlikheid*** *wat aan ons geopenbaar sal word nie*" (Romeine 8:16-18). Hier toon u eie Bybel duidelik

aan dat *ware Christene* "mede-erfgename" met Christus is, en dat ons saam met Hom "verheerlik" sal word. Die duidelike aanduiding is dat al die beproewings, toetse, lyding en smart waardeur ons gaan, slegs ter voorbereiding is om *werklike kinders* van die Skepper-God te word – om *Sy* heerlikheid en hierdie verhewe geleentheid met Jesus Christus Self, die **eersgebore** Seun, te deel.

**Wedergeboorte**

Paulus gaan voort: "Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders" (vers 29). Indien Christus die "eersgeborene ... onder **baie** broeders" is, dan behoort dit tog opsigtelik te wees dat daar **baie meer broeders** sal wees wat uit God gebore sal word, netsoos Christus was toe Hy uit die graf opgestaan het. Vroeër het Paulus geskryf dat Christus, "... na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur **die opstanding uit die dode**" (Romeine 1:4). Christus was dus nie uit God gebore tydens 'n evangelistiese veldtog nie. Hy was verklaar as die Seun van God met krag deur die opstanding uit die dood. Soos ons tog gesien het, Hy was die **eersgeborene** onder **baie** broeders.

My vriende, wanneer u dit regtig verstaan, ons Hemelse Vader is **nie** alleenlik besig om geringer skepsels soos beeste, bokke of eekhorinkies "na Sy beeld" te skep nie. Hy is besig om wesens te skep wat in baie opsigte *soos Hy* is en wat die *ontsagwekkende potensiaal* het om **werklike kinders** van God Homself te word met die opstanding uit die dood! Hulle sal dan kan deel **–** met die Vader en Jesus Christus, hul Ouer Broer en "*eersgeborene* uit die dood" – in die planne, vreugdes en die ondervindings van die Godsgesin. Op hierdie wyse sal God Self, aan die mense wat na Sy beeld geskape is en wat hulle **ten volle** aan Hom **onderwerp** en **gewillig** is om te lewe volgens die **manier** wat die Skepper bedoel het, *gee*, met hulle *deel* en hulle **liefhê –** om sodoende vrede en vreugde vir alle ewigheid te bring!

Dit was **God se uitsluitlike doel** *van die begin af*! Nie net sommige sentimentele idees om alleenlik 'n paar emosionele ondervindings te hê nie, of om deel te neem aan rituele wat deur die kerke van hierdie misleide wêreld (Openbaring 12:9) ingestel is nie – al daardie dinge is **niks** in vergelyking met die ontsaglike **doel** waarvoor God ons werklik "na Sy beeld" geskape het nie! Dit is nodig dat ons **verstaan**. Ons behoort gewillig te wees om **uit te roep** na die Ewige God om ons te help om waarlik *ons deel te doen* om ons menslike natuur te **oorwin**, die aantrekkingskragte van hierdie wêreld en Satan die duiwel. Die Bybel toon herhaaldelik dat ons nie sommer outomaties kinders van God sal word deur een of ander godsdienstige of emosionele ondervinding nie. Ons moet onsself eerder *totaal* aan ons Skepper *onderwerp* – onsself met hart en verstand **begrawe**, soos **gesimboliseer** word wanneer ons "... saam met Hom begrawe [word] deur die doop in die dood" (Romeine 6:4). Soos Jesus aan ons gesê het: "So kan dan ook niemand van julle *wat nie afsien van* **al** *sy besittings*, my dissipel wees nie" (Lukas 14:33). Wanneer ons uiteindelik daardie **totale oorgawe** maak aan die ware God om Hom toe te laat om ons lewens werklik te **beheer –** wanneer ons die *ware* Jesus Christus aanvaar as ons Redder en ons Here en Hom daagliks toelaat om *Sy gehoorsame lewe* in ons te **leef** deur middel van die Heilige Gees (Galasiërs 2:20), dan, **en** *slegs dan,* sal God Sy Heilige Gees in ons plaas om ons in staat te stel om **oorwinnaars** te wees en om "weer gebore" te word met die opstanding!

*Slegs* die ware **oorwinnaars** sal die ewige lewe beërf as *werklike kinders* van die Ewige God. Waar Hy in die boek van Openbaring in die eerste persoon praat, sê Jesus: "En aan hom wat **oorwin** en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

*Verstaan asseblief*: God sal **nie** toelaat dat mense in Sy goddelike Gesin in gebore word,

tensy hulle hulself *eers ten volle* aan Hom *onderwerp*, aan Sy regering, aan Sy regverdige wette en aan Sy ganse lewensweg nie. Andersins sou hulle potensiële teenstanders word – net soos Satan die duiwel, wat probeer het om homself te verhef en gewillig was om **teen** God **te veg** (Jesaja 14:12-15)!

**Die heerlikheid van God se Gesin**

Wanneer ons *werklik* uit God gebore is, sal ons regtig **soos God** wees. Alhoewel God die Vader *altyd* in absolute mag en gesag as die volslae **Hoof** van die Gesin sal wees en Jesus Christus altyd ons Ouer Broer en Hoëpriester sal wees, sal ons oor *dieselfde basiese vermoëns* beskik wanneer ons eers in Geestelike wesens verander word en *werklike kinders* van ons Skepper sal wees! Net soos Jesus nou lyk met "oë soos 'n vuurvlam" en 'n stem "soos die stem van baie waters" – soos die magtige golwe wat hul te pletter loop teen die rotse van Noord-Kalifornië se kus – so mag *ons* ook daarin deel en lede word van die Skepper se Gesin en vir altyd saam met God en Christus in *glorieryke mag* **heers**, **indien** ons onsself ten volle onderwerp aan ons Skepper!

Alhoewel die mensdom al vir baie jare probeer om die buitenste ruim te verken en om die heelal te "verower" – om dit so te stel – sal God se werklike kinders dit alles *regtig* kan doen met feitlik geen inspanning nie! Ons sal lede van **God se Gesin** wees! Kan ons dit verstaan? God **is besig** om ware Christene **werklike kinders** in Sy verheerlikte Gesin te maak **–** om met hierdie toekomstige kinders die heerlikheid, die mag, die volle skeppende verbeelding en intelligensie waaroor Hy beskik, te deel.

Dink net! Dit sal nie nodig wees om staat te maak op vuurpyle, ruimtekapsules en suurstoftenks om ons te help om in die ruimte asem te haal nie, ons sal na Mars of Pluto, of nog verder, kan reis **– nie** teen die spoed van klank nie maar teen die spoed van 'n **gedagte**! Kan ons 'n denkbeeld vorm van die *grootsheid* van God se uiteindelike **doel** dat Hy mense geskape het "na Sy ewebeeld"?

Die apostel Paulus het onder inspirasie gebid dat Christene "... in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen" (Efesiërs 3:18-21). Wanneer ons letterlik "vervul ... [is met] **al** die *volheid van God*", dan sal ons ***werklike*** lede van God se Gesin wees. God se werklike kinders kan nie vergelyk word met bokke of beeste nie. Hulle is *regte* kinders. Net soos my vier seuns die menslike potensiaal en vermoëns van hulle vader deel, so sal *God se kinders ook*! Begryp ons dit? *Kan ons dit verstaan*?

Die Ewige God het die apostel Paulus geïnspireer om dit alles verder in die boek Hebreërs te verduidelik. God het Paulus geïnspireer om aan ons te sê: "Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. *Want in die onderwerping van* **alle** *dinge aan hom het Hy* **niks** *uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie*. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie" (Hebreërs 2:5-8).

Taalkundiges erken dat die Griekse woord wat hierbo vertaal is as "*alle dinge*" letterlik "*elke ding*" of "*alles*" beteken – die *ganse* **heelal**! God beplan om Sy ware kinders, **werklike** kinders te maak met die volle vermoë van God se Familie op *dieselfde wyse* as wat almal van ons in die menslike familie *heeltemal menslik* is! Terwyl hy hierdie grootse feit beskryf het, sê die apostel Petrus dat God aan "... ons die **grootste** en *kosbare beloftes* geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote

kan word van die **goddelike natuur**" (2 Petrus 1:4). Dus **–** wanneer ons letterlik uit God *gebore* word tydens die opstanding – **noem** God ons nie slegs Sy kinders nie. Hy plaas veel meer Sy *ware aard* in ons sodat *ons reg van God kom*, met Sy goddelike aard – op *dieselfde wyse* as wat ons direk uit ons *menslik*e ouers kom en *hulle* geaardheid het. *Dit* is wat dit beteken om "uit God gebore" te wees.

**Jesus se laaste gebed**

Eerlikwaar, wanneer ons hierdie alles oortreffende onderwerp bespreek, moet ons *nooit* die wonderlike en waarlik inspirerende gebed *uitlaat* wat Jesus tot God gebid het die nag voordat Hy gesterf het nie. Jesus het gesê: "Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik ... Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was" (Johannes 17:1, 4-5).

Later het Hy gesê: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. *En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees,* **net soos** *Ons een is*. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het" (verse 20-23).

Hier het ons Redder – wat God in die vlees was en vir wie God in die begin gebruik het om *alle dinge te skape* (Johannes 1:3) – die Vader gevra om aan Sy dissipels **dieselfde heerlikheid** te gee wat Hy met die Vader van ewigheid af gedeel het!

In hierdie laaste gedeelte van Jesus se mees inspirerende gebed, is dit duidelik dat Hy vir **ons** gebid het **–** ons wat vandag "deur die woord" wat die dissipels vir ons in die Bybel opgeteken het, glo. Hy het gebid "*sodat hulle een kan wees,* net soos Ons een *is*. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome **een** kan wees" (Johannes 17:22-23).

Met die opstanding sal ware Christene **–** die werklike **oorwinnaars –** uit die Gees **gebore** en **werklike lede** van die Gesin van God, heeltemal **een** wees met God en met Christus, netsoos Hulle met mekaar een is. Let daarop dat Jesus sê dat die grootse **heerlikheid** wat God aan Hom gegee het, ook deur Jesus aan Sy ware volgelinge gegee word **–** "dat hulle **een** kan wees ***net soos Ons* een** *is*" (vers 22).

*Kan dit nog duideliker wees*?

Hierdie vers dui beslis aan dat ons **werklike** kinders van God en **ten volle** lede van God se heilige Gesin sal word **–** "een" met God en met Christus, *net soos Hulle een is*! Indien u graag meer wil leer oor hierdie uiters belangrike onderwerp, nader asseblief die Streekskantoor die naaste aan u (soos gelys op bl. 2 van hierdie uitgawe) en bestel u *gratis* kopie van ons inspirerende boekie, *U uiteindelike lotsbestemming*.

Deur met mense deur Sy Gees te werk – en deur ons almal toe te laat om ons foute te begaan, om deur toetse en beproewings te gaan, om ons *eie vorms* van menslike regering, onderwys en godsdiens uit te toets – sal ons Skepper ons uiteindelik tot by die punt van *algehele onderwerping* aan Hom bring en dan – deur Sy Gees – sal ons bekwaam en gereed wees om die glorieryke **ma**g van die ware Skepper te verkry as *werklike lede van die Gesin van God*. Ons sal dan in staat wees om te wandel, te praat en as "kamerade" met God en met Christus te verkeer, op so 'n wyse as wat min mense hulle dit kan indink. Ons sal in staat wees om – as lede van die *Gesin van God* – te deel in verskeie uitdagings wat nog sal opduik in die regering, asook om God se plan regdeur die ganse heelal nog meer volkome te maak. Ons sal geestelike liggame hê. Ons sal nooit moeg voel nie. Ons sal nooit siek wees nie. Ons sal nooit ontmoedig wees nie. Aangesien ons verheerlikte geestelike wesens in die Goddelike Gesin sal wees – die Skeppergesin – van die ganse heelal! **Dit** is die

*Vervolg op bladsy 26*

# Die Skrif is aan die muur

## Deur Douglas S. Winnail

***Wat lê voor vir Amerika en ander Westerse nasies? Geskiedenis en Bybelprofesie gee ontnugterende antwoorde!***

Skokkende en amper ongelooflike *veranderings* is besig om plaas te vind in nasies wat eens verklaar het: "In God vertrou ons". In die sogenaamde "Christelike" Amerika, waar President Andrew Jackson eenkeer gesê het dat die Bybel die grondslag is van die Republiek, wen ateïste en sekulariste gereeld die stryd om gebed te verban en die Tien Gebooie te verwyder uit openbare plekke. In plaas van die waarheid oor die skepping en Jesus Christus, kan studente in openbare skole nou leer van Mohammed, of Shiva, of oor hoe om 'n heks te word! In Engeland, waar martelare eenmaal gesterf het om hul begrip van die Bybel te handhaaf, leer kinders nou in **laerskool** *hoe om "veilige seks" te beoefen* en teoloë skryf oor die dreigende "afsterwe" van Christelikheid in Brittanje. In Holland – eens op 'n tyd die wieg van die Protestantse Hervorming en 'n toevlugsoord vir die Puriteine wat later na Amerika gekom het – is prostitute, afwykende seks en dwelm-salonne nou prominente ken-merke in baie stede. In Australië is flambojante parades deur homoseksuele een van die grootste toeriste-aantreklikhede op die jaarlikse sosiale kalender.

Indien u vyftig jaar gelede *voorspel het* dat so-iets in Amerika, Brittanje, Kanada of ander Westerse nasies sou gebeur, sou u geloofwaardigheid en selfs u gesonde verstand *bevraagteken* word, omdat sulke idees toe *ondenkbaar* sou wees! Tog, die ondenkbare het *werklikheid geword!* Judeo-Christelike kultuur word *doelbewus ondermyn* en *stelselmatig vernietig* deur sosiale veranderings wat duidelike Bybelse leerstellings ignoreer, bespotlik maak en verwerp. In ons dapper nuwe wêreld van sekulêre denke, het geloof in die God van die Bybel, die beoefening van die Christelike godsdiens en die bevordering van Christelike waardes, voorwerpe geword van *bespotting* en *hoon*! Vandag het praktyke wat eens oorheersend was in die antieke heidense, voor-Christelike wêreld – aborsie, kindermoord, genadedood, okkultisme en die aanbidding van die natuur – *weer na vore gekom* om die oortuigings en waardes wat *eens* ons Westerse nasies *omskryf* het, uit te daag en te vervang!

Terwyl nuusberigte *beskryf* en tradisie-gesinde ru-briekskrywers *betreur* wat nou aan die gang is, word uiters belangrike vrae *byna nooit aangespreek* nie: *Waarom* vind hierdie dramatiese veranderings deesdae plaas? Wat is die *ware betekenis* van die skokkende veranderings wat in ons moderne "na-Christelike" samelewings plaasvind? *Wat lê voor* vir nasies wat eens Christelikheid bely het, maar nou hul erfenis *verwerp*? Bied die geskiedenis aan ons enige advies oor die rigting wat ons ingeslaan het? Vorder ons *regtig* na 'n nuwe bestaansvlak, of hou ons ons *blind* vir die ooglopende lesse van die geskiedenis?

So verrassend soos dit vandag mag lyk, *is daar* definitiewe antwoorde op hierdie vrae. Daar is 'n *bron* wat die *ware betekenis* en *onverwagse gevolge* openbaar van die veelomvattende sosiale veranderings wat die Westerse wêreld onderstebo keer. Hierdie dikwels bespotte en selde aangehaalde bron is **die Bybel –** die ontnugterende boodskap word *gerugsteun* en *aangevul* deur die aantekeninge van die geskiedenis. Die Bybel, anders as enige ander boek, onthul die *ware oorsaak* van die mens se probleme en die *toekomstige verloop* van ons geskiedenis. Indien dit reg verstaan word, het die Bybel en die geskiedkundige aantekeninge baie om ons te leer – indien ons oë het om te sien – oor die verrassende uitslag van die kulturele veranderings wat die Westerse lande skud. Ons behoort te *luister* na die waarskuwings van die geskiedenis en die Skrif!

**'n Les uit die verlede**

Die Bybel haal 'n merkwaardige gebeurtenis aan wat plaasgevind het in 539 v.C. – een met *toenemende belang* vir ons vandag! Bélsasar, die koning van Babel, het 'n groot fees vir 'n duisend van sy adellikes gehou. Gedurende die feestelikheid het hy heildronke ingestel op die heidense gode met bekers wat uit die tempel in Jerusalem weggeneem was. Net toe die koning begin drink het, het 'n *man se hand* uit die niet verskyn en verskeie woorde teen die muur van die paleis geskryf – die koning was *vreesbevange*! Die bejaarde profeet Daniël was geroep om die woorde te ontsyfer – woorde wat die *naderende ondergang* van Bélsasar en sy koninkryk uitgespel het. Voordat Daniël egter die betekenis van die woorde openbaar het, het hy die besope koning meegedeel dat sy arrogante gedrag ernstige gevolge sou hê. Die Bybel berig dat Babilon op daardie *selfde nag* geval het en die koning gedood is (Daniël 5).

Griekse historici bevestig die Bybelse verhaal. Ongeveer 450 v.C. beskryf die Griekse historikus Herodotus hoe die Mede en Perse die Babiloniërs verslaan het in 'n geveg net noord van die stad van Babilon. Die Babiloniërs het teruggeval in hul veronderstelde onneembare, dubbel-ommuurde stad. Oortuig van hul veiligheid, het Bélsasar fees gevier terwyl sy vyande laer opgeslaan het buite die stad. Die Mede en Perse wat besef het hoe moeilik 'n direkte aanval teen die mure van Babel sal wees, het die *rivier* wat deur die Babiloniese hoofstad gevloei het, *verlê* en die versterkte stad in die nag deur die rivierbedding binnegeval – terwyl Bélsasar en sy adellikes besig was om heildronke op heidense gode te drink uit die bekers wat uit die tempel in Jerusalem geneem was. Herodotus skryf nie van die handskrif teen die muur nie, maar in sy verslag was die stad van Babel ingeneem deur 'n *verrassingsaanval – dit het skielik geval* (*The Histories*, boek 1, seksies 191-192)!

U mag wel vra: "Wat het hierdie antieke gebeurtenis met ons vandag te doen?" 'n Skrander verstand kan *verskeie belangrike lesse* uit hierdie historiese insident aflei: (1) Trots en verwaandheid het gevolge – Bélsasar het die God van die Bybel verag en uitgedaag – gevolglik het hy sy koninkryk en sy lewe verloor. (2) Vergeetagtigheid kan noodlottig wees – Bélsasar het die lesse wat sy voorganger, Nebukadnésar, geleer het, vergeet – dat daar 'n God in die hemel is wat die sake van die mens bestuur en diegene verneder wat in trotsheid wandel (Daniël 4:34-37). (3) Nalatigheid kom mens duur te staan – Bélsasar het *die tekens van die tye geïgnoreer* – hy *was nie waaksaam* toe hy deur sy vyande omring was nie – sy stad was oorrompel deur 'n verrassingsaanval! (4) Toe Bélsasar uiteindelik die skrif teen die muur sien, *was dit te laat* – hy het te vêr gegaan; hy het sy rieme styfgeloop – God het hom en sy koninkryk tot 'n val gebring!

Terwyl kritici hierdie verhale afmaak as *ontoepaslik* op die nasies in die 21ste eeu, bied skrander denkers 'n ander perspektief! Die Spaanse filosoof, George Santayana, het eenkeer gesê: "Diegene wat nie die verlede kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal" – met ander woorde, indien ons nalaat om die *lesse van die geskiedenis te leer*, is ons bestem om *die foute van die geskiedenis te herhaal!* Sosiale kritikus Os Guinness stel dit so: **"'n Geslag wat nalaat om die tekens van die tye te lees, kan gedwing word om die skrif teen die muur te lees"** (*The American Hour*, bl. 414). Toe hy vyf eeue na die val van Babilon geskryf het, sê die apostel Paulus dat hierdie gebeure belangrik is, want "al hierdie dinge het hulle oorgekom *as voorbeelde* en is opgeskrywe as 'n *waarskuwing aan ons* op wie die eindes van die eeue gekom het" (1 Korinthiërs 10:11). Die Bybel onthul duidelik dat hierdie dinge opgeteken is om *aan ons lesse te leer*, *sodat ons kan vermy om dieselfde foute te maak* – as ons oë het om te sien!

Nogtans, *is daar vandag tekens van die tye – wat duidelik sigbaar* is – maar wat deur die meeste mense geïgnoreer word? Het die ure wat deurgebring word op Facebook, deur televisie te kyk, of videospeletjies te speel, *ons oë*

*verblind* vir die betekenis van dit wat rondom ons gebeur? *Besef* ons die gevare wat ons kultuur en die toekoms van ons nasies bedreig? Is ons *bewus* van waarskuwings wat tans uitbasuin word?

**Waarskuwings is volop!**

Vir die laaste paar dekades het joernaliste, onderwysers, teoloë en politici gewaarsku oor die *gevaarlike rigting* wat eens "Christelike" nasies in die Westerse wêreld besig is om in te slaan. Nogtans, net soos Bélsasar en die mense van antieke Babilon, *gaan* ons moderne nasies *voort* op die pad wat lei na vergetelheid en die vuilgoedblik van die geskiedenis – omdat dit lyk of ons nie ag slaan of luister na die waarskuwingsklokke wat lui nie!

In 1988 het die welbekende teoloog, Carl F. H. Henry, 'n boek geskryf met die titel *The Twilight of a Great Civilization,* waarin hy waarsku aangaande Amerika se neiging tot *neo-heidendom*. Hy skryf: "Die Barbare kom en hulle dreig om die fondamente van die Westerse beskawing te ondermyn" deur die bevordering van 'n "humanistiese verwerping van God en die Judeo-Christelike grondslag van die Westerse kultuur ... die nuwe barbarisme het 'n *nuwe heidense mentaliteit* aangeneem ... dit verklaar dat daar geen vasgestelde waarheid is nie, niks is beslissend goed nie, daar is geen uiteindelike betekenis en doel nie en dat die lewende God 'n primitiewe illusie is ... dit is 'n voorstander vir die mistieke, okkultiese kragte en magte, gemeenskap met die natuur en eksotiese gelowe ... waar hierdie heidense impulse die septer swaai is die gevolge morele en intellektuele verval gelykstaande aan slegs dié van Pompeii en Sodom ... *Begryp ons Christene duidelik en verstaan ons die tragiese koers wat ons kultuur inslaan*?" (bl. ix). Twee dekades gelede, het Henry gesien waarheen tendense lei – hy het korrek voorsien waar ons eintlik vandag is – maar hoeveel mense het geluister?

In *The Marketing of Evil*, vertel joernalis David Kupelian hoe radikale liberaliste die media oorgeneem het, asook die universiteite, howe en politieke partye, om sekulêre waardes te bevorder wat Amerika besmet – wat leer dat homoseksualiteit prysenswaardig is, dieselfdegeslag huwelike 'n reg is, seks in die laerskool gesond is, die huwelik uitgedien is en dat aborsie en genadedood gewettig moet word in 'n volwasse en verdraagsame samelewing. Alhoewel die meeste Amerikaners nog onversetlik gekant is teen hierdie sosiale en kulturele veranderings, word dit afgedwing deur die howe, op 'n wyse wat ons samelewing gevaarlik verdeel. Soortgelyke dramatiese veranderings vind ook plaas in ander Westerse lande (lees *The Abolition of Britain* deur Peter Hitchens en *The Death of Christian Britain* deur Callum Brown).

Moontlik die ernstigste veroordeling van die wyerkringende sosiale veranderings wat plaasvind in Amerika en die Westerse "Christelike" wêreld, kom van 'n voormalige Duitse soldaat, nou woonagtig in die Verenigde State as sy aangenome land. Die tagtigjarige Hilmar von Campe waarsku in *Defeating the Totalitarian Lie* (2008), aangaande die *gevaarlike ooreenkomste* tussen wat vandag in die Westerse nasies gebeur en wat in Nazi Duitsland gebeur het – die *rampspoedige gevolge* wanneer God en Christelike waardes uit ons kultuur verwyder word. Hy skryf: "Die Nazi-regering het God buite rekening gelaat tydens hul oorwegings. Om God en Sy Gebooie uit te sluit van menslike regering, is 'n dwaalleer wat deur goddelose mense bevorder word ten einde hul eie mag te verkry" (bl. 114). Hy gaan voort: "Die Nazi-filosofie en die Nazistaat was *op leuens gebou* ... Hulle was oneerlik oor wie hulle was ... Die volgende leuen was dat daar geen God is nie ... dat menslike waardes subjektief is, met sommige mense wat van meer waarde is as ander" (bll. 46-47). Hy raai ernstig aan dat *"die enigste verstandige weg vir Amerika en die mensdom is om God se gebooie te gehoorsaam* ... indien u God uit die politieke proses hou, *lok u 'n ramp uit*" (bl. 221). Hy sluit af: "Ons in *Amerika* is vandag getuie van 'n *herhaling* van die tragedie van 1933 toe 'n

hele nasie hulself soos 'n lam na die Sosialistiese slagpale laat lei het. Hierdie keer is die einde van vryheid onvermydelik, tensy Amerika die uitdaging van haar missie en lotsbestemming aanvaar" (bl. xvi).

**Wat die toekoms inhou**

Terwyl hierdie ontnugterende "skrif" reeds al vir 'n paar dekades aan die muur *is*, *wat lê regtig voor* vir Amerika, Brittanje, Kanada en ander Westerse nasies wat hul Christelike erfenis *verwerp*? Wat *onthul* Bybelse profesieë?

Toe God die kinders van Israel uit Egipte uitgelei het, het Hy hulle Sy "uitverkore volk" gemaak en aan hulle Sy wette gegee om hulle af te sonder, sodat hulle 'n lig en 'n voorbeeld vir die wêreld kon wees (Exodus 19:5; Deuteronomium 4:1-10, 7:6-11). Die verbond wat God met die Israeliete aangegaan het, het seëninge ingesluit indien hulle Sy wette sou gehoorsaam, maar dit sou ook ernstige gevolge inhou indien hulle sou verkies om ongehoorsaam te wees aan Sy opdragte. God het gewaarsku: "Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag ... julle haters sal oor julle heers ... *Ek sal julle trotse mag verbreek* ... Ek sal julle stede puinhope maak ... Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek ..." (Levitikus 26:14-33). Al hierdie dinge het met die Israeliete van ouds gebeur toe hulle hul *gedistansieer* het van die God wat hulle verlos het van slawerny in Egipte. Daardie selfde God bestaan egter nog steeds en Hy het nie verander nie (Maleagi 3:6)!

Moses het ook oor die *toekomstige afstammelinge* van die Israeliete geskryf – wat nou woon in noordwestelike Europa, die Britse Eilande, Skandinawië, Suid-Afrika, Noord-Amerika, Australië, Nieu-Seeland en die moderne staat van Israel (lees ons gratis boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Moses het profeteer: "Want ek weet dat julle ná my dood *gewis verderflik sal handel en sal afwyk* van die weg wat ek julle beveel het, **sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom**, omdat julle sal *doen* wat *verkeerd* is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te *terg*" (Deuteronomium 31:29) – 'n kommerwekkende beskrywing van die toestand waarin ons vandag verkeer!

Die profeet Hosea het 'n soortgelyke waarskuwing gerig, dat God teen sy eie mense sal optree. "Soos 'n arend skiet dit neer op die huis van die HERE! Omdat hulle my verbond *oortree* het en teen my wet *gesondig* het ... Húlle het konings aangestel, maar nie uit My nie; hulle het vorste gekies, maar sonder my wete; van hul silwer en goud het hulle vir hul afgode gemaak tot hulle verderf ... *Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai* ... Ek het hom tienduisende leringe van my wet voorgeskrywe, maar dit word as iets vreemds geag ... Omdat Israel sy Maker vergeet ... het ... daarom sal Ek 'n vuur in sy stede slinger wat sy paleise sal verteer" (Hosea 8:1-14).

Die profeet Jesaja waarsku ook die Israeliete: "... húlle het teen My *oortree* ... Hulle het die HERE *verlaat*, die Heilige van Israel *verag*, hulle het agtertoe weggedraai ... Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank ... Hoor die woord van die HERE, owerstes van *Sodom!* Luister na die wet van onse God, volk van *Gomorra*! ... Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak ... *Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis*, wat bitter soet maak en soet bitter" (Jesaja 1:2-10, 3:12, 5:20). Deesdae is dit die *leiers* in die Westerse "Christelike" wêreld wie die Judeo-Christelike waardes verwater en die aanvaarding van homoseksuele aktiwiteite en dieselfde-geslag huwelike bevorder – net soos Jesaja geprofeteer het!

Die profeet Jeremia waarsku: "Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom en hulle verstrooi ... hulle profeteer deur Baäl en verlei my volk Israel ... hulle bedryf owerspel en gaan om met

leuens, en hulle versterk die hande van die kwaaddoeners ..." (Jeremia 23). Jeremia voorspel 'n *toekomstige tyd* van "benoudheid vir Jakob" (verwysend na al die afstammelinge van die Israeliete) wanneer hulle in ballingskap verspreid sal wees in ander nasies, "... omdat julle sondes ... verhoog [het]" (Jeremia 30:15). In *albei* hierdie profesieë, toon Jeremia aan: "... aan die **einde van die dae** sal julle dit duidelik verstaan" (Jeremia 23:20, 30:24). Met ander woorde, aan die einde van hierdie tydperk, net voor Jesus Christus se wederkoms, *sal al hierdie profesieë begin sin maak!* Moontlik is dit waarom Thomas Jefferson in 1782 geskryf het: "Ek sidder vir my land wanneer ek daaraan dink dat God regverdig is, dat Sy geregtigheid nie vir ewig kan slaap nie" (*Notes on Virginia*, Query XVIII). Die Romeinse filosoof Seneca – 'n eerste eeuse tydgenoot van Jesus Christus, het 'n soortgelyke waarneming gemaak: "Die tyd sal kom wanneer ons opvolgers sal wonder hoe ons dan so onkundig kon wees oor dinge wat so ooglopend is".

Amerika, en die voorheen "Christelike" nasies van die Westerse wêreld *speel met vuur* deur hul te distansieer van God en die Christelike beginsels waarop ons nasies gegrond is. Terwyl moderne progressiewe leiers poog om Goddelik geïnspireerde Bybelse waardes met sekulêre humanistiese geloof te *vervang*, dui *Bybelse profesieë* en die aantekeninge van die geskiedenis duidelik aan dat hierdie ydel en kortsigtige poging om 'n alternatiewe kultuur, gegrond op mensuitgedinkte waardes, as 'n *volslae mislukking* sal eindig – ten gronde gebring deur dieselfde God wat die skrif teen die muur – wat Bélsasar se ondergang asook dié van antieke Babilon uitgespel het, geïnspireer het! Vandag **is die skrif weer aan die muur –** hierdie keer vir die sogenaamde "Christelike" nasies van die Westerse wêreld. Is ons waaksaam? Luister ons? Sal ons ag slaan op die waarskuwings? Sal ons terugkeer na God, voordat dit te laat is? WvM

---

***Vervolg vanaf bladsy 19 – Is daar hoop vir Haïti?***

gemaak word (Openbaring 16:18-20). Hoekom? Om eens en vir altyd te bewys dat die menslike samelewing sonder God nie kan bly staan nie, en nie sal kan voortbestaan nie.

Selfs na hierdie verskriklike plaag sal party mense – onverklaarbaar – nog steeds vir 'n tyd lank God laster (vers 21). Wanneer die stof egter gaan lê, sal die puin opgeruim word om plek te maak vir 'n wêreldwye herbouingsprogram. Oorlewendes sal vertroos en versorg word en God se weë geleer word: "En die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; maar kommer en gesug vlug weg" (Jesaja 35:10).

'n Vreedsame en harmonieuse nuwe samelewing sal ontstaan, met sy grondslag gebaseer op God se wette en weë. God se Gees sal uitgestort word oor die hele mensdom (Joël 2:28-29). 'n Nuwe wêreld sal gebou word, gevul met vreugde en geluk. Dink net daaraan! Bure sal besorgd wees oor bure. Mans sal hul vroue liefhê, en vroue sal hul mans liefhê. Ouers sal hul kinders opvoed "in die tug en vermaning van die Here" (Efesiërs 6:4). Vrede sal heers, en die wilde diere "sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:9). Ja, 'n wonderlike wêreld is aan die kom!

U kan nou voorberei vir daardie Koninkryk. U kan God vra om aan u bekering en begrip te skenk, sodat u waarlik, soos nog nooit tevore nie, in sy weë kan wandel. U kan ook help bou aan hierdie nuwe gemeenskap wat binnekort sal kom! Die profeet Jesaja sê aan diegene wat God waarlik soek: "En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak ... En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte

***Vervolg op bladsy 26***

# Londen Roep

# ’n Nuwe era van streng finansiële besparing

**Deur John Meakin**

Aan die oorkant van die pad waar ek in Suidwes Engeland, woon, word sowat 40 nuwe huise gebou. Vir die grootste gedeelte van die afgelope jaar was dit 'n gewoel en 'n gewerskaf soos die werksmense hard moes swoeg om die werk klaar te kry. Nou nie meer nie. Die bouterrein is nou onheilspellend stil. Die maatskappy wat hierdie huise bou, se kontant het opgedroog.

Hierdie nasionale bou-maatskappy het boedel oorgegee met skuld wat £60 miljoen beloop, en die werk van byna 4,000 werknemers is in die weegskaal. Meer as die helfte van die maatskappy se werk is afkomstig uit die openbare sektor wat nou merkbaar terugsnoei as gevolg van die Koalisie Regering se pogings om openbare besteding aan bande te lê.

## Geldelike ellende

Wat op ons drumpel gebeur het, is slegs een voorbeeld van 'n veel groter finansiële depressie. Die Verenigde Koninkryk, vasgeval in 'n diep resessie en oorweldig deur sy eie skuld, verkeer in groot nood. Die hele probleem het in 2007 begin met 'n ineenstorting van die behuisingsmark, weens 'n spekulatiewe oorskot. Sedertdien het baie mense hul huise verloor en baie besighede het gefaal.

Die bedrae genoem in nuusopskrifte is werklik skokkend. Die nasionale skuld beloop £960 miljard (68 persent van die BBP) en is vinnig besig om te styg. Vir die 5-jaar leeftyd van die huidige parlement, sal slegs die rente op die VK se skuld meer as £263 miljard bedra en – ten spyte van die plan om die algehele skuld te verminder met 'n halwe biljoen pond – sal die nasionale skuld in 2015 nog steeds 70 persent van die BBP bedra. Mens wonder of sulke groot skulde ooit terugbetaal kan word.

In sy strategie om skuld te verminder, het die regering homself verbind tot streng finansiële besparing – om belasting te verhoog en uitgawes in te kort, wat gesamentlik voorspel dat moeilike tye kom: 'n Skerp styging in werkloosheid, verminderde welsynstoelaes, daling in lewenstandaarde, en eindelose moontlikhede vir maatskaplike onrus. Pogings om die ekonomie te stimuleer sluit in verlaging van rentekoerse tot byna zero – maar, hoewel dit help met die koste van lenings, verminder dit ook die waarde van pensioene en spaargeld. Die regering het vir baie miljarde ponde borg gestaan vir banke, en sowat £200 [±R2,200] miljard “ex nihilo” (gerugsteun deur niks) note gedruk – 'n strategie wat Kwantitatiewe Verligting (KV) genoem word – in 'n poging om die regering se skuld te absorbeer en die banke te oorreed om weer geld aan besighede uit te leen (“*The world economy: Desperate measures*”, *The Guardian*, 5 November 2010). Baie banke weier egter hardnekkig om geld uit te leen aan diegene wat dit die nodigste het. Belangrike gedeeltes van die ekonomie bly vasgeval in 'n windstilte streek, dus word meer KV beplan vir die komende jaar, sou dit nodig wees.

Met al hierdie nuwe geld wat in die stelsel rondskommel, is party mense bevrees dat dit die vure van inflasie sal aanwakker. Andere vrees weer die teenoorgestelde – dat al die besparings en ekstra belasting die aanvraag sal smoor en die ekonomie weer sal terugdruk in 'n resessie. Sommige ekonome en kommentators betwyfel die effektiwiteit van KV ernstig en

meen dat dit sake net erger kan maak, terwyl andere weer beweer dat al hierdie maatreëls onredelik is en net sal help verseker dat die kapitalistiese stelsel 'n meer skouspelagtige ineenstorting in die toekoms sal ervaar.

**Moeilike en gevaarlike tye**

Die president van die Bank van Engeland, Mervyn King, het die erns van die probleem erken. Gedurende sy toespraak op die vooraand van November 2010 se G20 beraad, wat ministers van finansies en sentrale banke se presidente van 20 van die wêreld se kragtigste ekonomië byeengebring het, het hy 'n ernstige waarskuwing gerig: "Nasies moet 'n manier bedink om handelstekorte te laat krimp en surplusse te verminder, of hulle sal in die toekoms te kampe hê met meer 'moeilike en gevaarlike' tye. 'Ons verkeer inderdaad in 'n posisie dat ons nou moet demonstreer dat elke land vasberade is om saam te werk om 'n gesamentlike oplossing vir hierdie wanbalanse te verkry ... Indien ons dit nie doen nie, dan vrees ek dat die volgende 12 maande selfs nog 'n moeiliker en gevaarliker periode sal wees as die een waardeur ons is" ("*Mervyn King urges G20 leaders to agree over trade row*". *London Daily Telegraph*, 11 November 2010). Hy het gewaarsku dat die Britse verbruikers oor die volgende maande 'n skerp styging in lewenskoste kan verwag.

Brittanje is natuurlik ook finansieel verbind aan ander nasies van die Europese Unie, soos Ierland – tot in 'n mindere mate ook Spanje, Portugal, Griekeland en Italië, wat selfs slegter daaraan toe is. Hierdie probleme veroorsaak dat waarnemers dit toenemend bevraagteken of die EU in sy huidige vorm sal kan oorleef. Dit is ook nie net die EU wat swaarkry nie; op die een of ander manier word feitlik alle nasies betrek in 'n wêreldwye ekonomiese krisis wat gepaard gaan met streng finansiële besparings en pyn.

Verder is dit kommerwekkend om te besef dat hierdie massiewe wêreldwye resessie vermy kon gewees het. 'n Enkele paar vêrsiende ekonome het dit sien kom. Fred Harrison wat sy opleiding aan Oxford gedoen het, was bespot as 'n "Doemprofeet" in die vroeëre jare van hierdie eeu, maar word nou wêreldwyd gekrediteer vir sy voorspelling – so vroeg as 1997 – van die ekonomiese oplewing en ineenstorting; wat eers die "behuising-seepbel" opgelewer het en daarna die ineenstorting van die finansiële markte. Harrison en die paar ander mense wie soortgelyke waarskuwings gerig het, was egter verontagsaam.

Die Bybelse vooruitsig was ook verontagsaam. Jarelange lesers van *Tomorrow's World/Die Wêreld van Môre*, weet dat die Bybel noodsaaklike maatreëls identifiseer (sien Levitikus 25) wat baie sal help om oplossings te vind vir die herhalende siklus van ekonomiese oplewing en ineenstorting van moderne kapitalisme. Hierdie maatreëls hou veral verband met grond, minderbevoorregtes – asook met die probleem van skuld.

**Die jaar van vryskelding**

God het vir Sy volk 'n stelsel verorden waarvolgens al die families in staat sou wees om grond te besit en om dit te behou oor die geslagte heen. Dit stel streng beperkings in plek teen spekulasie met grond. Hoe? In antieke Israel was elke 50ste jaar aangewys as 'n jubeljaar – waartydens mense kon terugkeer na hul eiendom en familie (Levitikus 25:10-13, 39-43, 47-55) en alle skuld kwytgeskeld moes word (verse 23-28, 31-34). Volgens hierdie stelsel kon mense, indien hulle in die moeilikheid raak, nie deur hul meer gegoede bure uitgebuit word nie, maar die meer gegoede bure het 'n verpligting gehad om hulp te verleen en om nie voordeel te trek uit ander se ellende nie (verse 35-38).

Tragedies kon egter wel 'n gesin oorval. Selfs wanneer eiendom verkoop moes word, of as 'n werker iemand se slaaf moes word, het God se insettinge die reg voorbehou om af te koop wat verlore gegaan het, op 'n pro-rata kosteberekening, gebaseer op die oorblywende tyd voor die volgende jubeljaar (verse 50-52). Selfs wanneer aflossing nie moontlik was nie, sou die grond

uiteindelik weer in die jubeljaar terugval na die eienaar daarvan.

In teenstelling daarmee is skuld, volgens ons huidige stelsel, geneig om groter te word as die vermoë om terug te betaal, sodat wanneer mense eers in die skuld is, hulle hulself dikwels in 'n bose kringloop bevind waarin hulle skuld net groter word, terwyl hulle toenemend minder in staat is om die hulpbronne te bekom om die skuld terug te betaal. Baie werkers slyt hul lewe as weinig meer as “loonslawe” – nooit in staat om met waardigheid vir hul gesinne voorsiening te maak nie, vir ewig een salaristjek weg van totale ondergang.

'n Tyd sal spoedig aanbreek wanneer Jesus Christus weer na hierdie aarde sal terugkeer om die Koninkryk van God te vestig. Tydens daardie tyd, sal al die nasies uiteindelik die seëninge ervaar wat volg wanneer gelewe word volgens God se mensliewende en praktiese insettinge. Ten spyte van periodieke oproepe om aflossing van skuld, is die moontlikheid dat enige huidige regering die beginsel van die jubeljaar sal toepas, baie gering (“*Time for a Jubilee*”, *The Guardian*, 23 April 2009). In die ekonomie, soos in baie ander sfere van die lewe, is ons samelewing besig om die beginsels wat God vir ons beswil ingestel het, stelselmatig te verontagsaam en te ignoreer. Die gevolge – soos die VK dit nou eerstehands ondervind – is uiteindelik, onvermydelik, 'n krisis. Mag God die dag van Christus se wederkoms om Sy duisendjarige vrederyk te vestig bespoedig en die dae van strenge finansiële besparings en swaarkry verby sal wees. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Die aarde: u erfenis!*

*of verbreed*. Hy het hulle *meer* omvattend en meer bindend gemaak, omdat dit vir Christene nodig is om die Tien Gebooie ook in die gees te onderhou, nie net in die letter nie!

Wat sal die gevolge van God se regering wees? “Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:4).

Wanneer Christus weer kom, sal Hy die hele wêreld bekendstel aan die weg van vrede. “Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:7-9).

In die *Wêreld van Môre* sal al die nasies die ware God ken – die God van u Bybel – en Hy sal diegene seën wat Sy gebooie onderhou, soos Hy nog altyd gedoen het. Neem kennis van hierdie inspirerende Skrifgedeelte wat die seëninge beskryf wat oor ons sal kom wanneer ons gehoorsaam is aan God se wet. “... en hou die gebooie van die HERE jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees. Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning; 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap; en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het” (Deuteronomium 8:6-10).

**U glorieryke toekoms**

Kan u uself indink in u aandeel om die nasies te leer om God se gebooie te onderhou, en alle mense te help om die oorvloedige lewe wat God belowe het, uit te leef? Indien u een van die “sagmoediges” is – iemand wat na God se wil soek eerder as sy eie – kan God u gebruik om ander mense in Sy weë te onderrig.

Selfs vandag nog staan ons planeet uit soos 'n juweel in die uitgestrektheid van die uitspansel. 'n Tyd sal egter kom

*Vervolg op bladsy 26*

# Is daar hoop vir Haïti?

## Deur Rod McNair

***Terwyl hierdie gehawende land sukkel om te herstel, bly daar 'n paar knellende vrae oor: Waarom laat God lyding toe? Wanneer sal tragedies eindig? Daar is 'n antwoord!***

Op 12 Januarie 2010 is die eiland-nasie van Haïti geskud deur die ergste aardbewing wat daardie streek in twee eeue getref het. Die ramp het onbeskryflike lyding veroorsaak. Meer as 300,000 mense het omgekom, met derduisende beseerdes, en meer as 'n miljoen dakloos.

Die Nasionale Paleis – Haïti se "Wit Huis" – het in puin ineengestort. Die Parlement, die Verenigde Nasies se hoofkwartier en feitlik elke regeringsgebou was onbewoonbaar verklaar. Kerke, skole en banke is vernietig, sowel as die mees eksklusiefste hotel in Haïti se hoofstad. Hospitale en polisiestasies wat moes omsien na slagoffers, het in plaas daarvan in puin verander.

Soos die redaksie van die tydskrif *TIME* dit gestel het: "In Haïti het orde, veiligheid, gerief, alles verlore gegaan. Die eerste wat egter gesterf het, was waardigheid" (*Haiti: Tragedy and Hope*, 2 Maart 2010, bl. 16). Lyke van afgestorwenes was langs die paaie opgestapel, waar sukkelende oorlewendes verbygegaan het, sommige op soek na vermiste familielede, terwyl ander in skok doelloos rondgedwaal het.

Selfs 'n jaar later, te midde van 'n cholera-epidemie wat reeds vroeg in Desember 2010 byna 2,000 lewens in Haïti geëis het, is dit steeds moeilik om volkome te begryp presies hoe oorweldigend die ramp was, en wat die omvang van die skade aangerig is, aan 'n reeds beproefde nasie.

**Waarom Haïti?**

Waarom het só 'n ramp 'n nasie getref wat reeds lamgelê is deur armoede, werkloosheid en korrupsie? Toe die 12 Januarie 2010 aardbewing Haïti tref, was sommige mense vinnig om blaam vir die ramp te bedink. Sommiges het gesê dit was God wat Haïti gestraf het vir 'n beweerde voodoo-beïnvloede "sameswering met die duiwel" wat gemaak is om die koloniale Franse aan die einde van die 18de eeu te verdryf. Skrywer Jeanne Pocius merk op dat sommige godsdienstige leiers vinnig was om ander gelowe te blameer. "Ongelukkig het 'n paar van die kleiner godsdienstige sektes die weg gevolg van 'beskuldigende evangelisme'. Die uitbasuin van misleidende bewerings dat dit 'hulle skuld is, nie ons s'n nie', met verskeie sektes wat beskuldig ... wie ookal God se toorn opgewek het om sondaars via die aardbewing te straf. Hulle vergeet natuurlik dat elke deel van die samelewing verliese gely het: Elke denominasie moes ineengestorte geboue van aanbidding in die gesig staar, lidmate wat vermis is, en lyding verduur as gevolg van die aardbewing en die nagevolge daarvan" (*Shaken, Not Stirred: A Survivor's Account of the January 12, 2010 Earthquake in Haiti*, bl. 190).

Dit is baie maklik om blaam rond te gooi wanneer slegte dinge in die wêreld gebeur. Mense wil verstaan waarom dinge is soos hulle is, veral wanneer dinge verkeerd gaan. Dus: Waarom het die ramp in Haïti voorgekom? Meer uitgebrei gestel: Waarom vind rampe op *baie* plekke plaas, in elke uithoek van die wêreld?

Byna 2,000 jaar gelede, het Jesus Christus hierdie selfde vraag aan Sy dissipels gestel. Sy antwoord is veral vandag van nut, terwyl ons sukkel om antwoorde te vind in tye van groot verlies. Neem kennis: "En in dieselfde tyd was daar mense teenwoordig wat Hom berig gebring het van die Galiléërs wie se bloed Pilatus met hulle offers gemeng het. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dink julle dat hierdie Galiléërs groter sondaars was as al die Galiléërs, omdat hulle sulke dinge gely het? Nee, sê Ek vir julle ... Of daardie agttien op wie die toring van Silóam geval en hulle gedood het – dink julle dat hulle meer skuldig was as al die

mense wat in Jerusalem woon? Nee, sê Ek vir julle ...” (Lukas 13:1-5).

Jesus Christus het dit duidelik gemaak dat groot lyding nie noodwendig veroorsaak word deur groter sonde nie. Soms is ongelukke eenvoudig net die gevolge van “tyd en lotgeval” (Prediker 9:11). Ons behoort sekerlik elke dag van ons lewens te vra vir God se beskerming en leiding. Ons behoort uit Christus se voorbeeld te leer om nie ander te veroordeel wanneer onheil hul oorval nie, want “met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word” (Mattheüs 7:2). God is ons Regter – en ook ons naaste s'n (Romeine 14:4).

Let egter op 'n ander belangrike aspek van Christus se woorde in Lukas 13. Na die verduideliking dat die manne wat Hy genoem het nie *groter* sondaars was as die ander nie, het Hy hierdie kragtige waarskuwing bygevoeg: **“... maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom”** (vers 5). Die Galiléërs of die slagoffers van die toring van Siloam **–** *of die inwoners van Haïti wat gely het in die 2010 aardbewing* – is **nie** groter sondaars as die res van ons nie. Tensy ons **almal** tot bekering kom, sal ons almal netso vergaan!

Wat is die les uit Haïti? Wat kan ons leer uit die groot verwoesting wat hierdie klein Karibiese nasie verduur het? Om die waarheid te sê, wat is daar vir ons om te leer uit **al** die lyding wat die mensdom verduur het sedert die begin van die skepping? Die ramp in Haïti was nie die eerste in die geskiedenis nie en dit sal ook nie die laaste wees nie. Waarlik, 6,000 jaar van menslike geskiedenis was al te dikwels die verhaal van pyn, smart en lyding. Hoekom dan? Waar het dit alles begin? *Waar sal dit alles eindig*?

**Die werklike oorsprong van lyding**

Toe God die eerste mens gemaak het, het Hy hom in die tuin van Eden geplaas. God het aan Adam, en later aan sy vrou Eva, vertel hoe om suksesvol te wees in die wêreld wat God vir hulle geskep het. Ons lees: “En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword ... Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” (Genesis 2:7, 15-17).

Dit was God se baie eenvoudige reëls. Satan, die duiwel het toe egter in die prentjie gekom. Hierdie geestelike wese was voorheen die groot aartsengel Lucifer, maar het Satan geword – die “Teenstander” – toe hy teen God in opstand gekom het (Jesaja 14:12-14; Esegiël 28:14-17). Satan het Eva in die versoeking gelei om God se waarskuwing te ignoreer en van die vrug te eet. Deur haar sonde, en haar man se besluit om haar te volg in hierdie uittartende optrede, het sonde die menslike gesin binnegedring. As gevolg van hul keuse, het hulle oor hulself pyn, smart en lyding gebring. Kyk wat het God aan Eva gesê: “Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers” (Genesis 3:16). Aan Adam het Hy gesê: “Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer” (Genesis 3:17-19).

Adam en Eva het die lyding gesmaak wat sonde meebring, en die doodstraf verdien (Romeine 3:23, 6:23). Sedertdien het die hele mensdom dieselfde paadjie gevolg, en maai ongelukkig dieselfde gevolge (1 Korinthiërs 15:21-22). Dit is die oorsprong van die patroon van lyding wat al

vir duisende jare aan die gang is – en steeds voortgaan tot vandag toe.

**Die oorsprong van sonde**

Indien God almagtig, mensliewend en goed is, kon Hy nie 'n einde maak aan die pyn nie? Waarom het Hy toegelaat dat geslag na geslag verskriklike smart verduur? Hierdie vraag raak die kern aan van waarom daar so baie lyding in die wêreld is – en die antwoord is dat *hierdie nie ons Hemelse Vader se wêreld is* nie. Lank gelede het God die Vader heerskappy oor die aarde aan die aartsengel Lucifer toevertrou, die wese wat Satan, die duiwel, geword het deur rebellie. Die Skrif noem Satan – wat diegene verblind wat nie die Evangelie glo nie – die "god van hierdie wêreld" (2 Korinthiërs 4:3-4). Hy is ook bekend as "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efesiërs 2:2). Dit is Satan wat die mens beïnvloed tot haat, wellus, afguns en begeerlikheid, en om derhalwe die gevolge van sonde te maai. Die apostel Johannes maan ons om *nie* Satan se lewenswyse *of sy wêreld* lief te hê nie, sodat ons nie dieselfde gevolge sal maai soos die ander nie: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (1 Johannes 2:15-17).

U Bybel beloof dat 'n beter wêreld sal kom wanneer Jesus Christus terugkeer om oor die aarde te regeer. Daardie tyd is egter nog nie hier nie. Onthou Sy woorde aan Pilatus: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het ... Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). Ons wêreld is nog nie God se wêreld nie. Dit is onder die invloed van Satan, wie deur Christus "die owerste van hierdie wêreld" genoem word (Johannes 14:30).

**Toetse en beproewings**

Moet nie verkeerd verstaan nie – God is nog steeds magtiger as Satan. God is **lief** vir mense (1 Johannes 4:8, 16), wat Hy geskep het om Sy letterlike kinders te word. Dus, waarom laat God toe dat Satan soveel skade aanrig? Die Bybelse verhaal van Job kan nuttig wees wanneer ons worstel om die doel van lyding te verstaan.

Vroeg in die verhaal van Job, vind ons dat Satan homself voor God stel saam met die ander hemelse wesens. In die gesprek wat volg, gee God aan Satan toestemming om Job te beproef – binne sekere perke. Satan se doel was om Job teen God te draai en hom te vernietig, maar God se plan was om Satan se toorn in 'n toets vir Job te verander – 'n geleentheid om te groei in geloof en geestelike krag.

Wat het dus gebeur? Rowers het Job se osse en donkies gesteel (Job 1:14-15), weerlig het sy skape en hulle herders doodgeslaan (Job 1:16). Bendes Chaldeërs het 'n trop van sy kamele gesteel en hul wagte vermoor (vers 17). Job was daarna vertel van 'n groot tragedie: "U seuns en u dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer, toe daar meteens 'n groot wind oor die woestyn kom wat die huis aan die vier hoeke gryp; en dit het op die jongmense geval, sodat hulle gesterf het; en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel" (Job 1:18-19).

*Stel u Job se verdriet voor!* Wat 'n vreeslike tragedie! In **een dag** verloor Job die meeste van sy rykdom en baie lede van sy huisgesin. Sy lyding het egter maar pas begin. God het Satan toegelaat om Job verder te teister, maar aan hom bevel gegee om nie sy lewe te neem nie. "En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel ... Toe sê sy vrou vir hom: Volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf! Maar hy antwoord haar: Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie" (Job 2:7, 9-10).

Job se smart was so

oorweldigend dat hy gewens het dat hy nooit gebore was nie (Job 3:1) en dat God sou voortgaan om daardie dag tot niet te maak (6:9). Hy het geworstel met die pynlike vraag: *Hoekom*? Was God onregverdig? Sy stryd was 'n verskriklike stryd. Hy wou "God voor die hof daag" omdat Hy toegelaat het dat al hierdie euwels plaasvind (Job 9:19, 32-33) en hy was bitter omdat hy God nie kon dagvaar omdat Hy al die onreg toegelaat het nie!

Waarvoor was God op die uitkyk? Hoekom het Hy Job se lyding toegelaat? *Hy het hierdie groot beproewing toegelaat om Job se hart te versag, en hom na dieper bekering te lei*.

Job het uiteindelik besef dat hy God onregverdig en blindweg blameer het. Hy het begin verstaan dat God altyd regverdig is, en dat Hy altyd ons uiteindelike welsyn in gedagte het. Alhoewel ons dit nie altyd mag verstaan terwyl ons swaarkry nie, is dit God se doel om **al** ons ervarings te gebruik om ons tot bekering te lei. Job het God uiteindelik geloof vir Sy wysheid en regverdigheid. Hy het God **bedank** omdat Hy hom gehelp het om in meer diepte oor sy sondes berou te hê: "Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Daarom herroep ek en het berou in stof en as" (Job 42:5-6).

Net soos met Job, wil God hê dat elkeen van ons Hom moet gehoorsaam en vertrou en innige berou moet begeer. Langs die pad laat Hy soms toe dat ons die gevolge verduur van om in Satan se wêreld te leef, sodat ons Satan sal wil teenstaan en verwerp! Ons behoort te verstaan dat ons huidige menslike lewe 'n blote "laboratorium" is waarin God ons geplaas het om lesse van karakter en onderwerping aan Sy wil te leer. Wanneer ons deur groot beproewings gaan, kan ons leer om Hom steeds meer ten volle te vertrou (Jakobus 1:2-4).

Die profeet Jesaja skryf: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7). Ons natuurlike menslike gedagtes is nie God se gedagtes nie. Die weë wat vir ons reg lyk, is nie Sy weë nie (vers 8). God laat dus die menslike samelewing toe om vir 6,000 jaar sy eie pad te volg, om eerstehandse ervaring op te doen dat die lewe sonder God – 'n lewe volgens Satan se selfsugtige weë – net pyn, spyt en berou meebring. Tog, selfs te midde van Satan se wêreld, kan ons gered word as ons ons met ons hele hart tot God wend! "Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom" (2 Petrus 3:9).

**Voorbereiding vir die Koninkryk**

Ja, daar **is** 'n beter wêreld aan die kom – na Jesus Christus se wederkoms om Sy Koninkryk te vestig. So skokkend as wat dit mag klink, sal 'n rebelse mensdom egter *'n massiewe aanval* teen Christus loods wanneer Hy na die aarde terugkeer in Jerusalem. Onreine geeste sal "uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God ... En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon" (Openbaring 16:14, 16). Hierdie versamelde leërs sal probeer om die terugkerende Christus te verslaan. Hulle sal natuurlik nie slaag nie, want "die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog" (Sagaria 14:3). Christus sal almal wat Sy weë teenstaan en poog om Satan se despotiese heerskappy oor die aarde te verleng, heeltemal verslaan.

Jesus Christus se voete sal op die Olyfberg staan, en dit "sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal" (vers 4). Daar sal so 'n massiewe aardbewing wees soos daar nog nooit op aarde gewees het nie – een wat selfs die tragiese skudding in Haïti in vergelyking klein sal laat lyk. Die stede van die nasies sal val, eilande sal verdwyn, en berge sal gelyk

*Vervolg op bladsy 12*

# Die aarde: u erfenis!

## Deur Richard F. Ames

**Jesus het gesê die sagmoediges sal die aarde beërwe, maar miljoene mense glo dat hulle hemel toe gaan wanneer hulle sterf. Wat sê u Bybel?**

Miljoene – moontlik miljarde – mense glo dat die saligheid van die hemel die beloning is van diegene wat gered is. Hierdie oortuiging word nie net gedeel deur die meeste mense wat hulself Christene noem nie, maar ook deur lede van baie ander gelowe reg deur die wêreld. Christene glo in die woorde van Jesus Christus. Jesus het van Sy mees basiese en fundamentele leerstellings gegee in wat algemeen bekend staan as die "Bergpredikasie" (Mattheüs 5-7). Hoe het Hy Sy leringe begin? "Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (Mattheüs 5:3-5).

Gee noukeurig aandag. Het Jesus gesê dat die armes van gees hemel toe sal gaan, terwyl die sagmoediges die aarde sal beërwe? **Nee**! Hy het gesê dat die armes van gees geseën sal word met die Koninkryk *van* die hemele. Die Koninkryk *van* die hemele sal na die planeet Aarde toe kom wanneer Christus weer kom! Dit is wanneer die wat gered is, opgewek sal word en die Koninkryk sal beërwe.

Jesus leer ons om te bid: "... laat U koninkryk kom" (Mattheüs 6:10). Het Hy ons gevra om te bid vir iets wat moes kom wat alreeds hier is? Indien die Koninkryk hier is, waarom het die wêreld dan sulke gruwels ervaar soos die twee groot Wêreldoorloë van die vorige eeu, sowel as die verskriklike menseslagtings wat gepleeg was teen verskillende etniese groepe?

Nee, die Koninkryk van God is *nie* alreeds hier nie. Christus moet **terugkom** om dit te vestig.

**Waar is die Koninkryk?**

Die apostel Johannes verduidelik dat God sy dienaars geroep het en hulle verlos het "uit elke stam en taal en volk en nasie" (Openbaring 5:9). Wat is hulle lotsbestemming? Sal hulle hemel toe gaan? Die apostel Johannes verduidelik in net die volgende vers: "... en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde* heers" (Openbaring 5:10).

God bied nie aan om ons te red sodat ons sonder om iets te doen, kan rus in hemelse saligheid nie. Hy roep ons om konings en priesters te word, wat Jesus Christus – die Koning van die konings – sal bystaan om blywende vrede op die aarde te vestig. Dit is waarom Jesus gesê het dat die sagmoediges – diegene wat Jesus nederig volg, eerder as hul eie wil – die aarde sal beërwe. Wanneer ons bid, "... laat U koninkryk kom" dan bid ons vir die koms van daardie Koninkryk wat vrede na die ganse mensdom sal bring en waarin getroue Christene hul geliefde Verlosser, Jesus Christus, onder Sy leiding sal dien as konings en priesters.

Oor die jare heen het party mense verkondig dat die Kerk, hier op aarde, die Koninkryk is. Andere glo weer dat die Koninkryk in 'n mens se hart is. Die Koninkryk van God is egter 'n **letterlike** toekomstige koninkryk, wat gevestig sal word tydens Jesus Christus se wederkoms, met Hom as Koning!

Wat, presies, *is* 'n koninkryk? Elke koninkryk bestaan uit vier basiese elemente: 'n Regeerder, 'n gebied, wette en onderdane. Hoe het dit dan betrekking op die Koninkryk van God?

Wie is die heerser van God se Koninkryk? Die Bybel beantwoord hierdie vraag in baie plekke. Kyk wat skryf die apostel Johannes: "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, *word* genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self" (Openbaring 19:11-12). Jesus Christus, wat baie krone dra, sal terugkeer na die planeet Aarde as verowerende Koning

(Sagaria 14:3-4).

Hier is nog 'n beskrywing van hoe Jesus sal lyk met Sy wederkoms: "En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op Sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here" (Openbaring 19:13-16).

Ja, die Heerser van die komende Koninkryk van God sal Jesus Christus Self wees! Bid u: "... laat U koninkryk kom"? Sien u gretig uit na Jesus se wederkoms na die planeet Aarde? Die apostel Johannes het beslis. Johannes het in die voorlaaste vers in u Bybel met sy gebed en vurige hoop afgesluit: "Amen, ja kom, Here Jesus!" (Openbaring 22:20).

Wanneer Jesus Christus weer kom, sal Sy grondgebied die hele aarde wees! Sy onderdane sal die hele mensdom wees. Die Skrif beskryf dat die hele wêreld die weg na vrede sal leer. Mense sal elke jaar optrek om hulle Koning in Jerusalem te aanbid. Die hele aarde sal leer om dieselfde Bybelse Heilige Dae wat Jesus en die Apostels onderhou het, te vier. "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (Sagaria 14:16).

Elke nasie op aarde sal die Koning aanbid – en sal die Huttefees onderhou. Baie mense besef nie dat die Heilige Dae nog steeds vol betekenis is vir Christene vandag nie. Die Nuwe-Testamentiese Kerk is gestig op die dag van die Pinksterfees, alhoewel baie mense vandag vergeet het dat Pinkster een van die Bybelse Heilige Dae is wat God aan Sy mense gegee het. In die boek Handelinge lees ons dat groot getalle mense saamgetrek het om Pinkster te onderhou toe die Apostels hulle toegespreek en duisende bekeer het. Die mense het byeengekom om die dag te onderhou, want dit word so in die Bybel beveel! Soos die *NIV Study Bible* dit uiteensit: "Pinkster staan ook bekend as die Fees van Weke (Deuteronomium 16:10), die Fees van die Oes (Exodus 23:16) en die dag van eerstelinge (Numeri 28:26)" (bl. 1,645). Vandag verstaan ware Christene dat die Pinksterfees 'n herdenking is van daardie stadium in God se plan van verlossing wanneer Hy, in hierdie huidige tydvak, die "eerstelinge" tot verlossing roep en hulle voorberei om onder Christus in die Millennium te heers.

**Wat is die "Evangelie"?**

Jesus Christus, die Messias, het gekom om 'n boodskap te verkondig wat baie mense moontlik *dink* hulle ken, maar wat verbasend min mense eintlik *verstaan*. Wat het Jesus verkondig? "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:15). Jesus het die mense geleer dat dit tyd was om op te hou sonde doen, om Sy boodskap te glo en om hul voor te berei vir die komende Koninkryk van God.

Het *u* uself bekeer? Om u te "bekeer" beteken om te erken dat u gesondig het – God se Wet, die Tien Gebooie, oortree het. Dit beteken nie net om jammer te wees en weersin te hê in u sonde nie, maar om daardie sonde soveel te haat dat u uself daarvan distansieer en begin om 'n nuwe lewe sonder daardie sonde te leef. Bekering beteken om u te verbind om – met God se hulp – u lewe te verander. Wat is sonde? Johannes skryf: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid" (1 Johannes 3:4). Soos 'n ander vertaling dit stel: "Sonde is immers oortreding van die wet van God" (vers 4, NV).

U kan die evangelie nie *glo*, tensy u dit *verstaan* nie! Baie mense wat *sê* dat hulle in Jesus Christus glo, glo in werklikheid nie – of handel nie – volgens wat Hy verkondig het nie. Jesus het gevra: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Indien u werklik 'n Christen is, sal u doen wat Jesus beveel. Indien u waarlik 'n Christen word, sal u

Jesus nie op 'n abstrakte manier as u "Verlosser" aanneem sonder om Hom te gehoorsaam nie, maar wel as u Heer en Meester en u sal daarna streef om Hom – met die hulp van die Heilige Gees – te gehoorsaam. Soos Paulus skrywe: "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Korinthiërs 6:19-20).

Ware Christelikheid is 'n lewenswyse. Wanneer u eers bekeerd is, die Evangelie glo en u lewe aan Jesus Christus toegewy het deur die doop, kan Hy Sy lewe in u leef deur die Heilige Gees. Dan kan u groei as 'n Christen en u lewe verander van 'n lewe van selfsug na een van diens en liefde teenoor God en u medemens. Diegene vir wie God vandag roep, word nie slegs geroep vir hul eie saligheid nie; Hy roep hulle om hulle voor te berei om in Sy komende Koninkryk as konings en priesters te dien, soos ons vroeër gesien het. Hul eerste geleentheid om te regeer sal in die Millennium wees – die duisendjarige tydperk wat in u Bybel beskryf word, wanneer Jesus oor 'n herstelde planeet sal heers. Soos Johannes skryf: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

**Van waar af sal Christus regeer?**

Van watter plek af sal Jesus Christus regeer? Hy sal vanuit Jerusalem regeer. "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon" (Sagaria 8:3). Trouens, wanneer Hy regeer, sal Jerusalem 'n ander naam hê. Die heel laaste vers in die boek van Esegiël lees: "... en die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!" (Esegiël 48:35). In Hebreeus is daardie naam *Yahweh Shama*. Van daar af sal Hy oor Sy koninkryk heers: "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaria 14:9).

Wanneer Christus terugkeer om te regeer, sal Hy en die verheerlikte heiliges oor die nasies heers – oor fisiese mense. Christus sal die nasies die lewensweg wat vrede voortbring, leer. Vandag se Christene – opgewek as geestelike wesens (die "eerstelinge") – sal onder Sy leiding as konings en priesters regeer oor stede en nasies (sien Lukas 19:17; Openbaring 2:26). Hierdie konings en priesters sal die wêreld opvoed in God se waarheid.

Let op hierdie inspirerende Skrifgedeelte wat diegene beskryf wat God se weë gedurende die Millennium geleer sal word: "Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien" (Jesaja 30:20). *U* kan een van daardie leraars wees. Wat sal die verheerlikte heiliges – die konings en priesters – die mensdom leer? "... en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan" (vers 21).

In die Millennium sal die leraars God se wet aan die mense leer. Die profeet Jesaja gee aan ons 'n inspirerende voorsmakie van wat sal kom. "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:2-3).

Die mensdom se dikwels teenstrydige en onregverdige wette sal nie meer bestaan nie. Onderrig sal gegee word in God se wette en dit sal administreer word vanuit Jerusalem. Die Tien Gebooie is die grondslag van daardie wette. Onthou, Jesus het gesê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" – en hy het voortgegaan om verskeie van die Tien Gebooie op te noem (Mattheüs 19:17). Verder het Jesus in Sy "Bergpredikasie" eintlik die Tien Gebooie *uitgebrei*

***Vervolg op bladsy 15***

# Vrae & Antwoorde

**VRAAG:** In Openbaring 18:4, beveel 'n stem uit die hemel: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie". In 2 Korinthiërs 6:17, word aan ons gesê: "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem". Wil God hê dat ek in 'n wildernis moet gaan woon soos 'n kluisenaar, weg van alles wat onrein is? Wat beteken hierdie verse?

**ANTWOORD**: Eerstens moet ons die konteks van hierdie verse verstaan. Openbaring 18:4 sê Christene aan om uit "Babilon" uit te kom (lees vers 2). In 2 Korinthiërs 6:14-17, vermaan die apostel Paulus Christene om hulself af te sonder van "ongelowiges" (vers 14).

"Babilon" verwys hier nie na 'n spesifieke stad nie, maar eerder na 'n vals godsdienstige stelsel met sy oorsprong in antieke heidense Babilon. Daardie stelsel is vandag baie meer aan die orde van die dag as wat die meeste mense besef. Vir meer inligting hieroor, bestel ons gratis boekie, *Satan se Vervalste Christendom*. Indien u die ware leringe van die Bybel verstaan, maar u nog steeds deelneem aan godsdienstige rituele en tradisies wat die spot dryf met daardie leerstellings, dan het u nog nie uit Babilon gekom nie.

Wat beteken dit om "afgesonder" te wees van ongelowiges, soos beveel in 2 Korinthiërs 6:17? Vir eeue het groepe mans en vroue geïsoleerde gemeenskappe gevorm, selfs teruggetrek in kloosters, om afgesonderd te wees van diegene met ander geloofsoortuigings. So 'n stap is egter slegs oppervlakkig en spreek nie die werklike probleem aan nie. Die werklikheid is, waar daar mense is, is daar vleeslike menslike natuur. Selfs wanneer ons alleen is, mag ons "in" die wêreld wees, indien ons die dinge van die wêreld meer begeer as die dinge van God (Mattheüs 6:33).

Om uit die wêreld te kom, is dit nodig dat ons **onsself** verander. Ons kom uit die wêreld uit deur ons weë te verander – deur die ongesonde geestelike en fisiese praktyke van diegene wat God verwerp, prys te gee. Daarom moet elkeen van ons die lendene van ons verstand omgord (1 Petrus 1:13). Dit beteken dat ons ons gedagtes moet beskerm teen onwelkome en ongesonde invloede. Luister ons na skinderstories en kwaadpratery? Koester ons gedagtes van geweld en haat? Kyk ons na films met pornografiese of vernederende uitbeeldings van seksuele dade? Of volg ons Paulus se raad? "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit" (Filippense 4:8).

Om ná aan God te bly, behoort ons Christus om hulp te vra om die regte keuses oor ons handelinge en ook ons vriende te maak. Die mense met wie ons assosieer kan ons pogings om uit die wêreld uit te kom, maak of breek. "Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming" (1 Korinthiërs 15:33-34).

Per slot van sake kan ons natuurlik nie uit eie krag ten volle uit die wêreld uit kom nie. Ons benodig die Heilige Gees – God se geskenk aan ons – waardeur God se wet op ons harte geskryf sal word. Met God se Gees in ons, sal ons leer om God se wet en Sy weë lief te hê en sal ons tot die punt kom waar ons Hom werklik intiem ken. Hoe kan ons weet dat ons Hom ken? "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:3-6).

Ongelukkig is ontelbare miljoene mense wat hulself vandag volgelinge van Christus noem, nie eens besig om te probeer "wandel soos Hy gewandel het" nie. Sal ons die onbybelse tradisies van mense volg, of sal ons doen wat Hy gedoen het? Een van die belangrikste tekens van ons getrouheid is hoe ons Sy direkte voorbeeld volg deur onderhouding van die sewende-dag Sabbat (Lukas 4:16-17). Vir meer inligting, lees ons boekie *Watter Dag is die Christelike Sabbat*? Die wêreld rondom ons sal druk op ons uitoefen om Sondag as "Sabbat" te hou – of glad geen Sabbat nie. Sal ons swig voor daardie druk? Of sal ons "uitkom" uit daardie wêreld, en leef soos God wil hê ons moet lewe? Die keuse berus by elkeen van ons! WvM

# Profesie neem

## Vergete lesse!

Vir baie mense is die Ou Testament *presies net dit* – **oud**, verouderd en van min of geen betrekking op ons huidige wêreld nie. As gevolg van hierdie misleide en verkeerd ingeligte perspektief word wesenlike lesse wat in die Skrif opgeteken en deur die feite van die geskiedenis gestaaf is, *oorgesien, geïgnoreer* en *vergeet!* In die nabye toekoms sal die tragiese gevolge van ons hedendaagse sosiale en historiese geheueverlies die Verenigde State en ander hedendaagse Israelitiese nasies *skok* en *verras,* soos antieke Bybelse profesieë voortgaan om *gestalte aan te neem*!

**Die groot les**

Een van die mees belangrikste temas regdeur die Ou Testament is dat ***gehoorsaamheid*** aan God se wette seëninge sal bring en dat ***ongehoorsaamheid*** ernstige gevolge meebring. Die God van die Bybel beloof dat Abraham geseënd sal wees **indien** hy God se opdragte gehoorsaam (Genesis 17:1-8). Toe God die kinders van Israel uit Egipte gebring het, het Hy belowe om hulle Sy uitverkore nasie te maak: "*As* julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou" (Eksodus 19:5-6). In die sluiting van die verbond met Moses en die Israeliete het God seëninge vir gehoorsaamheid aan Sy wette belowe – en vloeke as hulle ongehoorsaam sou wees aan Sy gebooie en Sy instellings sou "verag" (Levitikus 26:3, 14-16). God waarsku die twaalf stamme van Israel dat, omrede hulle ongehoorsaamheid, Hy "hulle trotse mag sal verbreek" en vloeke en verskrikking oor hulle sal beskik, verterende koors, plae, hulle voor hul vyande verslaan sal word en gevangenskap in vreemde lande oor hulle sal bring (sien Levitikus 26, Deuteronomium 28).

Toe Josua Moses as Israel se leier opgevolg het het God aan hom gesê: "Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het ... sodat jy met *goeie gevolg* kan handel, oral waar jy mag gaan" (Josua 1:5-9). Jammer genoeg, na Josua se dood het Israel "die God van hulle vaders, *verlaat* wat hulle uit Egipteland uitgelei het, en hulle het agter ander gode aan geloop ... het die toorn van die HERE teen Israel *ontvlam* ... Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom" (Rigters 2:7-15). Dawid het die koninkryk van Israel aan Salomo oorgedra en aan sy seun gesê: "... wees dan sterk ... onderhou die ordening van die HERE jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy gebooie en sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou ... sodat jy voorspoedig kan uitvoer alles wat jy doen, en alles waartoe jy jou begewe" (1 Konings 2:1-4). Nogtans, toe dit voorspoedig met Salomo gegaan het het hy hom *gedistansieer van* God en heidense gode gevolg. Die gevolg was dat God se toorn teen hom ontvlam het – en sy seun Rehábeam het die meeste van sy vader se koninkryk verloor (1 Konings 12:1-33).

Die boek van 2 Konings boekstaaf die geleidelike ondergang van die nasies van Israel en Juda en hulle wegdrywing tot morele verval en afgodediens – soos hulle God *vergeet het*, Sy wette *verwerp* en die immorele en perverte lewenstyl van hulle heidense bure aangeneem het. Die gevolg was dat God hierdie "uitverkore volk" *verwyder* het voor Sy aangesig deur hulle in ballingskap weg te stuur na Assirië en Babilon, nadat hulle verpletterende nederlae aan die hand van hulle vyande gelei het (2 Konings 17:5-11, 25:1-12). Die *tragiese les* wat reg deur die Ou Testament voorkom, is dat wanneer God se uitverkore volk na Hom geluister het, was hulle *geseënd*, maar wanneer hulle God vergeet en aan Sy wette ongehoorsaam was, het hulle *lyding verduur* – siekte, natuurrampe, militêre nederlae – dan uiteindelik, ballingskap. *Die gegewens is daar vir almal om te lees* – in die Bybel en in die annale van die geskiedenis! Met hierdie gegewens in aggenome, is dit geen verrassing dat Jesus sê: "As julle My liefhet, *bewaar my gebooie*" (Johannes 14:15) en dit dan beklemtoon dat die *verbreking van God se wette sonde is* (1 Johannes 3:4)!

**Gevaarlike parallelle!**

Wat het hierdie antieke geskiedenis egter te doen met die huidige inwoners van Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika – en ander gebiede, soos Skandinawië en Westelike Europa, waar die hedendaagse afstammelinge van die Israeliete vandag woonagtig is? Is hierdie

# gestalte aan

Ou-Testamentiese lesse vandag *nog toepaslik* vir Christene? **Volgens die Bybel is hulle wel nog van toepassing**! Baie belydende Christene *ignoreer* wat die apostel Paulus skryf: "Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom *as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het*" (1 Korinthiërs 10:1-11). Volgens Paulus is hierdie Ou-Testamentiese gebeure neergeskryf sodat ons *dit kan vermy om dieselfde foute te maak* as ons voorvaders *en dan dieselfde gevolge te ly as* wat hulle gely het!

Dit is jammer, maar hierdie baie belangrike lesse word *geïgnoreer* en *vergeet* in ons hedendaagse (en veronderstelde verligte) wêreld! Vandag leef ons in 'n tydperk waar geloof in God besig is om 'n onderwerp van bespotting te word. Daar word luidkeels beweer dat die wette van God nie slegs outyds is nie, maar boos, diskriminerend en selfs "homofobies" is! Die heidendom maak weer sy verskyning in die sogenaamde "Westerse, Christelike" wêreld en die getal hekse en Satan-aanbidders groei. Trouens, baie sogenaamde "Christelike tradisies" soos Kersfees, Paasfees en verskeie heiliges se dae kan duidelik teruggevoer word na heidense, voor-Christelike oorsprong – dinge wat die Bybel verbied en verdoem (Deuteronomium 12:29-32; Jeremia 10:1-5).

Alhoewel die Skrif homoseksuele gedrag verbied, is "huwelike" tussen lede van dieselfde geslag *nou wettig* in baie Westerse nasies. Baie eens-verbode seksuele aktiwiteite (bv. homoseksualiteit, transvestisme, saambly as man en vrou, prostitusie en aborsie) word nou as normaal in skole se klaskamers aangemoedig – en selfs geseën deur sommige kerke – terwyl die Bybel dit *verdoem* as verdorwe en 'n gruwel (Levitikus 18:22; Romeine 1:25-28). Baie nasies wat eens daarop geroem het dat hulle Christene is, het nie slegs hul *morele kompas verloor nie*, hulle het die grondliggende waardes wat hulle as die "Westerse Christendom" onderskei het van die "nie-Christelike" wêreld, *totaal verwerp*. Al hierdie dinge het in die afgelope 40 jaar of so gebeur!

**Toekomstige probleme!**

Wat gaan die gevolge wees vir nasies wat eens daarop aanspraak gemaak het dat hulle "Christene" is, maar hul nou distansieer van die basiese Christelike leerstellings? Mense wat die geskiedenis bestudeer, weet dat indien nasies nie uit die lesse van die geskiedenis leer nie, gedoem is om dieselfde *foute van die verlede te herhaal*! Lank gelede het Moses die kinders van Israel gewaarsku: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat *die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*, *omdat julle sal doen wat verkeerd is* in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronomium 31:29). Moses het aan die Israeliete gesê dat, as gevolg van hulle ongehoorsaamheid, die vreemdelinge in hulle midde meer aanmatigend sal word en dat die Israeliete uiteindelik by vreemde nasies sal leen – wat dan sal begin om beleid aan hulle voor te skryf (Deuteronomium 28:43-44). Hierdie profesieë is 'n raak beskrywing van die toestande waarin die "sogenaamde Christelike" nasies van die Westerse wêreld vandag verkeer. Die profeet Jeremia het ook 'n *eindtydse tydperk* voorsien waarna hy verwys as "'n tyd van benoudheid vir Jakob", wanneer God die Israelitiese nasies gaan straf vir hulle sondige weë – wat sê: "... *aan die einde van die dae* sal julle dit verstaan" (Jeremia 30:5-24).

Die sober les van die Skrif en die geskiedenis is dat wanneer nasies hulle **distansieer** van die wette van God en Sy opdragte verag, sal daar ernstige gevolge wees! Die God van die Bybel waarsku duidelik: "Het jou *verlating* van die HERE jou God ... jou dit nie berokken nie? ... Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf" (Jeremia 2:17-19). Nogtans sê hierdie selfde barmhartige God: "As jy in die nood is en al hierdie dinge *aan die einde van die dae* oor jou kom, sal jy na die HERE jou God *terugkeer* en *na sy stem luister* ... Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie" (Deuteronomium 4:30-31). Hierdie is kragtige lesse van die geskiedenis wat geen nasie kan bekostig om te vergeet nie!

***—Douglas S. Winnail***

***Vervolg vanaf bladsy 12 – Is daar is hoop vir Haïti?***

sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak" (Jesaja 58:11-12). Die tyd is aan die kom wanneer die lyding en verwoesting wat ons nou rondom ons sien – in Haiti sowel as reg rondom die aarde – slegs 'n herinnering sal wees. Mag God daardie dag bespoedig! WvM

***Vervolg vanaf bladsy 15 – Die aarde: u erfenis!***

wanneer God die aarde met vuur sal reinig en dit sal hernu, voordat die hemel na die aarde sal neerdaal (2 Petrus 3:10-13). Soos die apostel Johannes skryf: "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar" (Openbaring 21:2-5).

U kan 'n aandeel hê in daardie wonderbaarlike toekoms. God noem Sy kinders in Romeine 8:17 Sy erfgename, en "mede-erfgename van Christus". As erfgename van God sal getroue Christene nie slegs net die aarde beërwe nie – hulle sal die heelal beërwe. Ons lees: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook *alles* genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32). Verder ook: "*Alle dinge* het U onder sy [die mens se] voete gestel" (Hebreërs 2:8).

In hierdie laaste twee verse, is die Griekse uitdrukking wat vertaal is as "alle dinge", *ta panta*, en beteken letterlik "die alles" – met ander woorde, alle sienlike en onsienlike dinge. Ja, getroue Christene sal uiteindelik die gans e heelal beërf! Vandag droom baie van ons om na die verste uithoeke van die melkweg te reis, en verwonder ons aan die skoonheid van die sterre, nebula en ander ontsagwekkende en pragtige eienskappe van ons heelal. Daar kom 'n tyd wanneer vandag se getroue Christene in staat sal wees om deur die heelal te reis teen die spoed van 'n gedagte!

Ja, God wil hê u moet die aarde beërwe – en nog baie meer! Soos Hy aan ons sê: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openbaring 21:7). Mag God ons almal help om Hom en Sy Koninkryk te soek, sodat ons binnekort die aarde, die heelal en alle dinge mag beërwe! WvM

***Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat is die betekenis van u lewe?***

ontsagwekkende toekoms van diegene wat gewillig is om hulle heeltemal aan hul Skepper te onderwerp *asook om Sy wil te doen*.

Al die vorige swaarkry van die mensdom – al die beproewings en toetse, die folterkampe, verlies van geliefdes deur siektes, ongelukke of oorlog, al die smart en wroeging wat oor ons kom omdat ons self, saam met die hele mensdom, *die verkeerde pad gegaan het* – sal **verdwyn**! Die Bybel sê aan ons: "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4). Mag God ons **almal** help om werklik die uiteindelike **doel –** die *werklike rede* waarom ons gebore is – te verstaan. Mag Hy ons help om ook gewillig en nederig genoeg te wees om Sy geïnspireerde Woord te **bestudeer –** om al hierdie dinge **–** met die hulp van Sy Heilige Gees **–** aan onsself te **bewys** "om julle roeping en verkiesing **vas te maak**" (2 Petrus 1:10). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Hy kon dit sê omdat Hy die mense die **Waarheid** *geleer het*! Die Waarheid is dat God se woord duidelik toon dat die patriarge, die profete en die ware heiliges van God vir Christus gaan bystaan in die Koninkryk van God wat Jesus Christus gaan vestig *op hierdie aarde,* na die komende opstanding van die dooies. Die Bybel stel dit duidelik wat sal gebeur met die laaste basuin: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15). Dus gaan Jesus spoedig heers oor die "koninkryke **van hierdie wêreld**" **– nie** bo in die hemel nie! Vroeër, in die boek van Openbaring, word hierdie lof aan Christus toegeskryf: "... want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde** heers" (Openbaring 5:9-10).

Die apostel Paulus vra retories: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?" (1 Korinthiërs 6:2). Hier sien ons duidelik dat die heiliges die "**wêreld** gaan oordeel" **– nie** hemel toe gaan met niks om te doen nie! Hierdie hele gedeelte wys duidelik dat God se ware heiliges **–** lidmate van Sy ware Kerk **–** nou "in opleiding" moet wees, ter voorbereiding om daardie toekomstige konings en priesters te wees wat Christus gaan bystaan om oor die nasies *op hierdie aarde* te heers in die Wêreld van Môre.

Terwyl Hy na Sy ware heiliges verwys het, sê Jesus Christus: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het" (Openbaring 2:26-27).

Indien God se getroue oorwinnaars met 'n "ysterstaf" oor die **nasies** gaan heers, is dit duidelik dat hulle nie bo in die hemel sal wees nie. Is daar nasies in die hemel wat dit nodig het dat hulle met 'n ysterstaf regeer moet word? *Natuurlik nie*!

Hoe is dit dus moontlik dat mense al hierdie goed van "hemel toe gaan" glo, wanneer die Bybel voortdurend anders sê? Die *antwoord* is vanselfsprekend. Die meeste mense wil net "met die stroom saamgaan". Dus glo hulle byna outomaties *alles wat* hulle deur hulle familie en vriende geleer word. Indien hulle in Nazi Duitsland opgegroei het, mag hulle dalk **aanvaar het** dat Hitler 'n belangrike man was. Indien hulle in 'n Moslemland grootgeword het, mag hulle dalk **aanvaar het** dat hulle profeet Mohammed selfs groter was as Jesus Christus.

Wat is die ware **oplossing** vir hierdie penarie?

Die uiteindelike oplossing sal kom wanneer **alle** mense aan hulself bewys het dat daar 'n **werklike** God is **–** die Skepper en Heerser van alle nasies. Dan moet hulle ook aan hulself **bewys** dat die Heilige Bybel, in sy oorspronklike vorm, in werklikheid die *geïnspireerde Openbaring* van God is. Hulle moet dan ook gewillig wees om die Bybel te **glo –** en te **doen** wat dit sê!

Dit klink baie eenvoudig. *Uiters min* mense op hierdie aarde het ooit daardie basiese feite aan hulself bewys, of gewillig gewees om daarvolgens te handel! *Is u?*

Indien u is, sal u vind dat die Bybel verstaanbare verduidelikings verskaf vir die probleme wat die mensdom trotseer op die gebiede van fisiese, verstandelike en **–** natuurlik die belangrikste van almal **– geestelike** gesondheid. Alhoewel dit nie 'n tegniese boek oor wiskunde of wetenskap is nie, bied die Bybel die *grondliggende benadering* tot **alle** aspekte van menslike kennis en begrip. Dit is die **Waarheid –** want dit is geïnspireer deur die God wat aan ons lewe en asem gee.

**Indien** u waarlik wil leer om die Bybel deeglik **te bestudeer** as die "*grondslag van kennis*," sal u baie leer oor die *ware* oorsprong van nasies. U sal die *regte* begrip ontwikkel aangaande ons verhoudings as mans en vrouens op hierdie aarde. U sal die regte vorm van regering wat

uiteindelik die aarde gaan oorneem, uitken. U sal waardevolle insig verkry oor *hoe* om u medemense te behandel, *hoe* om u verstandelike en fisiese gesondheid op te bou en *hoe* om die ewige lewe in die komende Koninkryk van God te verwerf – die werklike *Huisgesin van God* wat ek beskryf het in my artikel "Wat is die DOEL van u lewe?" elders in hierdie tydskrif. U sal leer hoe om die **uiteindelike doel** waarvoor God u op hierdie aarde geplaas het, te vervul.

Moet dus asseblief nie enigiets sommer net aanvaar nie! Leer om doelgerig en opreg **te bewys** wat waar is **–** en vra God vir die verstandelike en geestelike moed om te **handel** volgens daardie Waarheid. Indien u dit doen sal u *dit nooit berou nie*!



**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres en/of telefoonnommers.**

# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**